TOM NEWBY SCHOOL

Kwartaal 4 Formele Assessering

Vak	**Afrikaans Addisionele Taal**	**Eksaminator**	**Mev. L. Brits**
Datum	**November 2022**	**Totaal**	**40 Punte**
Graad	**5**	**Tyd**	**1 uur 30 min**
		Moderator	**Mev. M. Steyn**
Spesiale instruksies/ Toerusting	**Instruksies** • **Lees jou vrae goed deur.** • **Antwoord al die vrae.** • **Skryf netjies en leesbaar.** • **Geen woordeboeke.**		
Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar in die Tom Newby inligting materiaal. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.			

Naam:	**Van:**	**Klas:**

Hierdie vraestel bestaan uit:

Vraag 1: Literêre / nie-literêre teks (15)
Vraag 2: Visuele teks (10)
Vraag 3: Opsomming (5)
Vraag 4: Taalstrukture en konvensies (10)

40

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 1: Literere / nie-literere teks **[15]**

Lees die storie deur en beantwoord die vrae wat volg:

Jock van die Bosveld

1 Daar was ’n oulike, klein, bruin **hondjie** met die naam Jock. Jock was spesiaal. Hy het vir homself gesê: “Ek wil so **dapper** soos my ma, Jess, wees.”
Hy sê ook: “Ek wil **groot** en **sterk** en **slim** wees!” Jock sê: “Ek wil graag ’n vriend hê.”

2 Jock is baie gelukkig. Toe hy groot word, kry hy ’n beste vriend. Sy naam is **Percy Fitzpatrick.** Hulle bly in die **Bosveld**. Jock leer vinnig om te jag. Maar hy jag nie slange nie. Hy bly in die nag by die vuur as daar leeus is. Hy is **versigtig** en **gehoorsaam**.





3 Jock sien ’n wildsbok lank voor voor Percy die bok raaksien. Percy weet dat Jock se stertjie alles wys wat hy voel.

4 Jock was altyd **dapper**. Een nag, toe hy die hoenders teen die ander honde probeer beskerm, skiet ’n man hom per ongeluk dood. Percy was baie hartseer. Almal onthou Jock vandag nog as Jock van die Bosveld.

Bron: Afrikaans Sonder Grense

Woordtelling: 157 Woorde

TOM NEWBY SCHOOL

Vrae:

Onthou - Antwoord in volledige sinne (tensy anders aangedui). Geen Engels.

1.1 Wat is Jock se beste vriend se naam? _____ (1)

1.2 **Onderstreep** die **korrekte** antwoord: (1)

Hierdie deel van Jock wys alles wat hy voel:

A. Sy stertjie **B.** Sy kop **C.** Sy neus **D.** Sy ore

1.3 Waar bly Jock? (1)

_____

1.4 Wat, dink jy, is die **hoofgedagte** van die verhaal? (1)

Onderstreep die **regte** antwoord:

A. Die vriendskap tussen ’n man en ’n beer.
B. Die vriendskap tussen ’n man en ’n hond.
C. Die vriendskap tussen ’n hond en ’n bok.

1.5 Gee een **nut** van ’n hond en ’n kat vir die mens: (2)

Hond	**Kat**
1.5.1)	1.5.2)

1.6 Gee een **karaktereienskap** van Jock: (1)

_____

1.7 Die volgende stellings is onwaar. Onderstreep die woord in die sin wat **verkeerd** is en skryf slegs die regte woord neer. (2)

Stelling	**Korrekte woord**
Jock bly in die nag by die huis as daar leeus is.	1.7.1)
Jock het een nag die katte teen die ander honde probeer beskerm.	1.7.2)

TOM NEWBY SCHOOL

1.8 Aan die einde van die verhaal gaan Jock dood. As jy ’n **ander slot** kon skryf, wat sou dit wees? (1)

_____

_____

_____

1.9 Wat beteken die woord **gehoorsaam**? (1)

Onderstreep die korrekte antwoord:

A. Hy luister na instruksies. B. Hy doen sy eie ding.

C. Hy bad nooit. D. Hy drink baie water.

1.10 Dit is belangrik om mooi na ’n troeteldier te kyk.

Noem twee maniere waarop jy mooi na ’n troeteldier kan omsien: (2)

1.10.1 _____

_____

1.10.2 _____

_____

1.11 As jy enige dier kon wees, watter dier sou jy wou wees? (2)

Gee ’n rede vir jou antwoord:

Ek sal ’n _____ wil wees.

Rede: _____

_____

Totaal Vraag 1 (15)

Die ‘Jock of the Bushveld’ monument in Barberton, Mpumalanga.

TOM NEWBY SCHOOL

Vraag 2: Visuele Teks **[10]**

Kyk na die advertensie en beantwoord die vrae wat volg:

Woef woef Hondekoekies

Jou hondevriend sal mal wees oor Woef Woef Hondekoekies!

Geure:

- Pampoen
- Grondboontjiebotter
- Malvalekker
- Rys

Liplekker Prys:
R50
vir 500g

Bestanddele:

- *Proteïne*
- *Kalsium*
- *Vitamien D*
- *Vitamien C*
- *Geen sout of kleurmidde*

Slegs beskikbaar aanlyn. Kontak ons by www.woefhonde.co.za om jou bestelling te plaas. Skakel ons gerus by 011 849-5333 as jy enige vrae het.

Ons sal dit vir jou aflewer

Vrae:

Onthou - Jjy hoef nie in volledige sinne te antwoord nie. Geen Engels.

2.1 Watter **produk** word geadverteer? (1)

_____

2.2 **Waar of Onwaar**:

Die koekies kan in Checkers gekoop word. (1)

_____

2.3 Noem een **bestanddeel** in die produk: (1)

_____

2.4 Hoekom, dink jy, moet daar nie **sout** of **kleurmiddels** in die koekies wees nie? (1)

_____

_____

2.5 Watter **tegnieke** is in die advertensie gebruik om jou **aandag** te trek? (2)

Noem twee.

_____

_____

2.6 Watter **nommer** moet jy skakel as jy navrae het? (1)

_____

2.7 Onderstreep die **korrekte** antwoord: (1)

"Jou hondevriend sal mal wees oor Woef Woef Hondekoekies!"

Beteken:

A. Die Hondekoekies maak honde mal.
B. Die honde sal van die koekies hou.
C. Die koekies maak honde sterk.

TOM NEWBY SCHOOL

2.8 Dink jy honde moet **elke dag** ’n koekie kry? Gee ’n **rede** vir jou antwoord. (2)

_____

_____

Totaal Vraag 2 (10)

Vraag 3: Opsomming **[5]**

Vul die ontbrekende feite in om die opsomming van **Jock van die Bosveld** te voltooi:

3.1 Eendag was daar ’n _____

_____

3.2 Hy was _____

3.3 Sy beste _____

3.4 Jock beskerm _____

_____

3.5 ’n Man _____

Totaal Vraag 3 (5)

Vraag 4: Taalstrukture en konvensies **[10]**

Verwys na die teks “Jock van die Bosveld” om die volgende taalvrae te beantwoord.

Onthou jy hoef nie in volledige sinne te beantwoord nie (tensy aangedui). Spelling tel.

4.1 Gee die regte vorm van die woord tussen hakies (**trappe van vergelyking**): (1)

Jock was die (**dapper**) _____ hond wat Percy nog ooit gesien het.

TOM NEWBY SCHOOL

4.2 Onderstreep die korrekte **voornaamwoord**: (1)

Percy is Jock se eienaar, Percy is (**sy / hom**) baas.

4.3 Verander die volgende sin in die **indirekte rede**: (1)

Jock sê: “Ek wil graag ’n vriend hê.”

Jock sê _____ hy graag ’n vriend wil _____.

4.4 Identifiseer een **verkleinwoord** uit die leesstuk: (1)

_____

4.5 Herskryf die volgende woorde in **alfabetiese volgorde**: (1)

Jock, Percy, jag, Jess, wildsbok.

_____

4.6 Omkring die regte antwoord: (1)

Identifiseer die **leesteken** in die volgende sin:

Ek wil groot en sterk en slim wees**!**

A. Kolon B. Uitroepteken

C. Punt D. Aanhalingstekens

4.7 Gee die **meervoud** van die woord tussen hakies: (1)

Daar was ’n oulike, klein bruin (**hondjie**) _____

met die naam Jock.

TOM NEWBY SCHOOL

4.8 Verander die volgende sin in die **verlede tyd**: (1)

Jock sien ’n wildsbok lank voor Percy.

Jock _____ ‘n wildsbok lank voor Percy _____.

4.9 Identifiseer een voorbeeld van ’n **emosie** uit die leesstuk: (1)

Emosie: _____

4.10 Onderstreep die **werkwoord** in die volgende sin: (1)

Ek wil so dapper soos my ma, Jess, wees.

Totaal Vraag 4 (10)

TOM NEL SCHOOL

Graad 5 Afrikaans November

Kwartaal 4 Formele Assessering

Prestasie Evaluering

Naam en Van: _____ Graad 5: _____

Vraag 1:

Vraag	1.1	1.2	1.3	1.4	1.5	1.6	1.7	1.8	1.9	1.10	1.11
Moontlike punt	**1**	**1**	**1**	**1**	**2**	**1**	**2**	**1**	**1**	**2**	**2**
Leerder punt											

Totaal: ___

Vraag 2:

Vraag	2.1	2.2	2.3	2.4	2.5	2.6	2.7	2.8
Moontlike punt	**1**	**1**	**1**	**1**	**2**	**1**	**1**	**2**
Leerder punt								

Totaal: ___

Vraag 3:

Moontlike punt	**5**
Leerder punt	

Vraag 4:

Vraag	4.1	4.2	4.3	4.4	4.5	4.6	4.7	4.8	4.9	4.10
Moontlike punt	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**	**1**
Leerder punt										

Totaal: ___

TOM NEWBY SCHOOL